# Vrystaat Vroue Landbou-unie

Free State Women's Agricultural Union

Geaffilieër met SAVLU en WBPV / Affiliated with SAWAU and ACWW

Liewe jongmens,

Tydens die 2025 VVLU-Kongres is daar in die Beskrywingspunt 'n onderwerp bespreek wat julle generasie direk raak: hoe vinnige mode die wêreld se afval, plastiekbesoedeling en hulpbronverbruik beïnvloed. Hierdie brief is geskryf om die belangrikste punte met julle te deel, én om julle te wys hoe groot julle invloed regtig is.

Hier is 'n paar van die feite wat bespreek is:

- Elke jaar word 100 miljard kledingstukke vervaardig.
- 92 miljoen ton klere word weggegooi.
- Slegs 20% word herwin of hergebruik.
- Meer as 60% van klere is plastiek-gebaseerd.
- Mode-afval dra by tot 9% van mikroplastiek in die oseane.

Die wêreld koop meer klere as ooit, maar dra dit minder. En teen 2050 kan kledingverkope 160 miljoen ton bereik.

Maar, en dit is die goeie deel, julle het die krag om dinge anders te doen.

Julle kan:

- ✓ Minder koop en beter kies.
- ✓ Klere kreatief opknap, versier, ruil of hergebruik.
- ✓ Vriende inspireer om slim en stylvol volhoubaar te wees.
- ✓ Julle stem gebruik om nuwe gewoontes te bou.

Die keuses wat julle vandag maak, word môre se nalatenskap. Julle kan die generasie wees wat wys dat styl én volhoubaarheid hand aan hand kan loop.

Ons glo in julle,

EKotzè

Elsabè Kotzè
VVLU President

Posbus 46, Jagersfontein, 9974
President: Elsabè Kotzè, 076 573 4040, vvlupresident@gmail.com
Sekretaresse: Elize Pieters, 083 447 9081, elizepieters7@gmail.com